

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 7

Die adjudant, wat die vertroueling van die koning was, het vir die man van God gesê: “Dit is onmoontlik selfs al maak die Here vensters in die hemel sodat dit nou reën.” Elisa het geantwoord: “Toe maar, jy sal dit met jou eie oë sien, maar jy sal nie daarvan eet nie.” (vers 2)

’n Mens kan die adjudant se standpunt verstaan. Ná maande van uitmergelende hongersnood as gevolg van droogte en die beleg was dit redelik om te dink dit kan nie oornag regkom nie. Maar wat redelik is en wat God doen, is nie dieselfde nie. Wie van ons sou aan die oplossing kon gedink het om die vyand op loop te jaag sodat hulle besittings en kos vir die stad beskikbaar is? Soos die engel Gabriël vir Maria gesê het (Luk 1:37): “Niks is vir God onmoontlik nie.”
Die fout wat die adjudant – en dikwels ook ons – maak is om God te onderskat; om te dink Hy is soos ons, net meer so. Maar, soos Karl Barth gesê het, God is die “Gans Andere”. Niks op hierdie aarde kan ons voorberei op Hom en sy grootse andersheid nie.
Net ’n vragie. Sou jý geglo het dat alles binne ’n dag na normaal kon terugkeer (vers 1)?



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 6

> *(Elisa) het geantwoord: "Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is." (vers 16)*

Elisa se slaaf het gedink "sien is glo." Soos Thomas met Jesus se opstanding (Joh 20:25). En wat die slaaf gesien het, het hom nie kalm gemaak nie (vers 15): die stad is omsingel. Eers toe Elisa bid dat die Here die slaaf se oë oopmaak, kon hy sien wat Elisa sien – dat die Here daar was om hulle te beskerm (vers 17).

Hoor jy hierin die woorde van ons Here Jesus in Matt 28:20? "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Dit vra egter 'n ander manier van kyk, 'n geloofskyk. Dit vra dat ons God sal toelaat om ons gedagtes te verander deur ons denke te vernuwe (Rom 12:2), sodat ons nie met 'n "sien is glo"-ingesteldheid sal leef nie, maar met een van "glo is sien" (vgl Heb 11:1).

Glo is sien. Daarom kon Elisa die Here se beskerming sien, en sy slaaf nie. Mag die Here deur sy Gees ook jou en my oë oopmaak, dat ons Hom elke dag in ons lewens en in ons wêreld sal sien. Want God is nader as wat ons dink!



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 5

Sy het vir die vrou gesê: “Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak.” (vers 3)

Die held van hierdie verhaal is vir my ongetwyfeld die dogtertjie. Sy is deur Aramese roofbendes ontvoer en moes as slaaf vir ’n vreemde baas werk. Ons weet nie wat haar naam was nie, of hoe oud sy was nie. In die oë van die wêreld was sy niks. En tog, deur haar toedoen is Naäman op die pad van genesing geplaas.

Dalk het jy al gedink niemand sal tog na jou luister nie, so jy bly liewer stil. Jy is nie belangrik of uitgelese genoeg om iets te sê nie. En dit is waar dat belangrike mense jou kan intimideer en oordonder sodat jy in jou dop kruip. Onthou dan dat jy in God se oë belangrik is. Trouens, die Here Jesus het gesê, eers as jy soos ’n klein kindjie word, sal jy groot wees in die koninkryk van die hemel (Matt 18:4).

Moet daarom nie skaam wees om jou lig te laat skyn nie. Die Israelitiese dogtertjie het dit gedoen, en daardeur vir Naäman op die pad van liggaamlike én geestelike genesing geplaas (vers 15).



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 4

> *Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?" (vers 2)*

Die verhaal van die profeet se weduwee laat 'n mens dink aan hoe Elia die weduwee van Sarfat gehelp het (1 Kon 17:8-16). Later in die hoofstuk (vers 18-37) wek Elisa óók 'n seun uit die dood op, net soos Elia in Sarfat gedoen het (1 Kon 17:17-24). Dié twee profete was gewoond daaraan om met konings en ander magtige leiers skouers te skuur (wat hulle groot roeping was), maar beide profete het nie die lot van gewone mense uit die oog verloor nie.

Hierin het hulle iets van God se bewoënheid en sorgsaamheid teenoor die armes en hulpeloses weerspieël. Dawid beskryf in Ps 68:6 vir God as "'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees." En Jakobus (1:27) het só daaroor geskryf: "Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld."

Dit is die kant van God wat die Here Jesus kom illustreer het met sy omgee vir die randfigure. In sy verduideliking oor

naasteliefde hoor ons God se hart (Luk 10:30-37).



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 2

Konings 3

> *Hy neem toe sy eersgebore seun, wat in sy plek koning sou word, en offer hom as brandoffer op die stadsmuur. Toe breek daar ’n verskriklike oordeel los oor Israel, en Israel het van Mesa af weggetrek en teruggekeer na hulle land. (vers 27, 2020-vertaling)*

Dis duidelik dat die huis van Agab se dae verby is. Elisa wil nie eers met Agab se seun, koning Joram, praat nie (vers 13). En selfs ná die gunstige uitspraak van die Here oor die oorlog (vers 18-19) en hulle aanvanklike sukses, eindig die oorlog onbeslis (vers 27).
Dis onduidelik presies wat vers 27 bedoel. Die 1983-vertaling vertaal dat die Israeliete só geskok was omdat koning Mesa sy eersgeborene op die stadsmuur aan sy god Kemos geoffer het, dat hulle die aanval gestaak en omgedraai het. Die 2020-vertaling stel dit egter dat daar ’n verskriklike oordeel oor Israel losgebreek het, en dat dít die rede vir die staak van die gevegte was. Dan lyk dit of die Judeërs genoeg gehad het van Joram en die Israeliete se geloofsafvalligheid (kyk na vers 2), en dat Mesa se mense-offer die laaste strooi was. Daarom moes die Israeliete onverrigtersake terugkeer.
Wat God sê (1 Kon 21:21 en 29), gebeur. Niemand kan dit keer nie.



Hoofstuk van die dag: 2 Konings 2

> *Elisa het geantwoord: “Mag daar tog ’n dubbele deel van u gees op my kom!” (vers 9b)*

Die hele hoofstuk handel oor die opvolging van die groot profeet Elia. In 1 Kon 19:16-21 het ons gelees dat die Here Elia beveel het om Elisa tot profeet te salf, en dat Elisa van toe af Elia se leerling was. Die tyd het egter nou gekom dat die leerling by sy leermeester moes oorneem.
Elisa se wens is dat hy ’n dubbele deel van Elia se gees mag ontvang (vers 9). Daarmee verwys hy waarskynlik na die destydse gebruik dat die oudste seun as belangrikste erfgenaam en naamdraer van die familie ’n dubbele deel geërf het (vgl

Deut 21:17). Elisa se groot begeerte is om ’n volwaardige opvolger van Elia te wees. Die feit dat hy die mantel van Elia (sy ampskleed) kry (vers 13) bevestig dit.
Die res van hoofstuk 2 vertel dat dit inderdaad gebeur het. Elisa doen ook wonderwerke. Hy maak baie seker dat mense nie moet dink dit is hy nie. Dis die Here wat die Jordaan kloof (vers 14), en die Here wat die water bruikbaar maak (vers21).
Jou prestasies in die lewe is ook God se werk deur jou. Gee Hom die eer daarvoor.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026